higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1540**(A)**(J11)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# TOERISTEBESTEMMINGS N5

(22030115)

**11 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**Kandidate word toegelaat om studenteportefeuljes, aantekeninge en werkopdragte/projekte, voorgeskrewe handboek(e), 'n atlas, kaarte, reisgidse, brosjures en 'n GSA-tydskrif in die eksamenlokaal in te neem.**

**Kandidate is geregtig op 15 minute om die vraestel deur te lees.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye en 4 bylaes.**

Kopiereg voorbehou 

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy begin om die vrae van jou keuse te beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: | 40 punte |
   | AFDELING B: | 160 punte |
   | GROOTTOTAAL: | 200 punte |

3. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

4. Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Skryf die vraagnommer asook die naam van die land, waar van toepassing, in HOOFLETTERS boaan elke bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

### VRAAG 1

### AFRIKA-AFDELING

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer. Jou eie kaart kan nuttig te pas kom.

1.1.1 Nata is ’n dorp wat in ... geleë is.

A Namibië
B Botswana
C Zimbabwe
D Mosambiek

1.1.2 Xai-Xai is ’n gewilde oord in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.3 ‘Meracados’ is die Portugese woord vir markte in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.4 Cecil John Rhodes se graf word in ... aangetref.

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.5 Die Tuli-blok is in ... geleë.

A Namibië
B Botswana
C Zimbabwe
D Mosambiek

Kopiereg voorbehou 

1.1.6 Die Malawimeer maak een van die grense van ... uit.

A Namibië
B Botswana
C Zimbabwe
D Mosambiek

1.1.7 Popa Falls is in ... geleë.

A Namibië
B Botswana
C Zimbabwe
D Mosambiek

1.1.8 Pemba maak deel uit van ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.9 Matusadona Nasionale Park is geleë in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.10 Twyfelfontein is ’n UNESCO-wêrelderfenisterrein in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.11 Maherero-dag is ’n fees in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.12 Die Caprivistrook/Zambezistreek is ’n gebied in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.13 Die Brukkarosgebergte word aangetref in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.14 Victoriawaterval is aan die grens van hierdie land:

A Namibië
B Botswana
C Zimbabwe
D Mosambiek

1.1.15 Die berg Binga is die hoogste punt van ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.16 Jwaneng in ... het die rykste diamantmyn ter wêreld.

A Namibië
B Botswana
C Zimbabwe
D Mosambiek

1.1.17 Die Khami (Kame)-ruïnes, ’n UNESCO-wêrelderfenisterrein, is in ... geleë.

A Namibië
B Botswana
C Zimbabwe
D Mosambiek

1.1.18 Beira is die tweede grootste stad in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

1.1.19 Kasane, die poort na die Chobe Nasionale Park, is in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

Kopiereg voorbehou 

1.1.20 Die Aha-heuwels is in ...

A Namibië.
B Botswana.
C Zimbabwe.
D Mosambiek.

(20 × 1) (20)

**AFDELING OOR EILAND IN INDIESE OSEAAN**

1.2 Kies TWEE beskrywings/besienswaardighede uit KOLOM B wat pas by elke item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Madagaskar | A | Swartrivier (Riviere Noire) |
| 1.2.2 | Mauritius | B | Beau Vallonbaai |
| 1.2.3 | Réunion | C | Morné Seychellois |
| 1.2.4 | Seychelle | D | Le Lac Salé |
| 1.2.5 | Comore-eilande | E | Cirque de Mafate |
| | | F | Mohele |
| | | G | Malé |
| | | H | Sewekleurgrond van Chamarel (Seven Coloured Earths of Chamarel) |
| | | I | Nosy Tanikely |
| | | J | Hell-Ville |
| | | K | Hell-Bourgh |

(10 × 2) (20)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

### VRAAG 2

### AFRIKA-AFDELING

Beantwoord die vrae in die AFRIKA-AFDELING oor EEN van die volgende lande: Marokko, Kenia, Malawi

2.1 **MAROKKO**

2.1.1 Noem die VIER rykstede ('ímperial cities'). (4)

2.1.2 Waarom staan die stede wat jy in VRAAG 2.1.1 genoem het as 'rykstede' ('imperial cities) bekend? (1)

2.1.3 Noem die huidige hoofstad van Marokko. (1)

2.1.4 Noem en motiveer 'n besoek aan TWEE kulturele besienswaardighede in die stad wat in VRAAG 2.1.3 genoem is. (2 × 2) (4)

2.1.5 Noem TWEE gewilde ski-oorde naby Meknes. (2)

2.1.6 Watter stad aan die verre suidkus is as 'n toeristeoord gebou? (1)

2.1.7 Wat is die reistyd (in ure en minute) per pad van die stad wat in VRAAG 2.1.6 genoem word tot by Casablanca? (2)

2.1.8 Noem EEN motorhuurmaatskappy in Marokko. Verwys na jou GSA. (1)

2.1.9 Sal die padtekens problematies wees vir 'n toeris wat Engels kan praat? Staaf jou antwoord. (3)

2.1.10 Noem die Europese land wat noord van Marokko, oorkant die Straat van Gibraltar, geleë is. (1)
**(20)**

**OF**

2.2 **KENIA**

Verwys na die TOEROORSIG in BYLAE A (aangeheg) asook jou eie voorgeskrewe bronne, en beantwoord die volgende vrae:

2.2.1 Hierdie toer na die Maasai Mara-Serengeti-ekosisteem begin op Dag 1 met die toeriste se aankoms in Nairobi.

Waar is die Jomo Kenyatta Internasionale Lughawe geleë met betrekking tot die middestad (noem afstand en rigting)? (2)

2.2.2 Wat is die reistyd (in ure en minute) van die lughawe na die middestad? (1)

2.2.3 Hierdie toer sal oornag in die Town Lodge Hotel.

Verwys na jou GSA en noem TWEE ander hotelle in Nairobi. (2)

2.2.4 Op Dag 2 vertrek hulle per huurvlug na die Maasai Mara Musiara-landingstrook.

Verwys na jou GSA en beveel TWEE huurvlugmaatskappye aan. (2)

2.2.5 Wat is die reistyd in ure en minute van Nairobi na Maasai Mara? (1)

2.2.6 Die grootste besienswaardigheid vir hierdie toer is die migrasie, ‘die grootste vertoning op aarde’.

Tussen watter TWEE nasionale parke en lande vind die migrasie plaas? (2 × 2) (4)

2.2.7 Beskryf wat gedurende die migrasie gebeur deur ’n paragraaf uit die uittreksel aan te haal. (3)

2.2.8 Beskryf watter soort akkommodasie-onderneming die Sentinel Mara-kamp is. (2)

2.2.9 Jou kliënte wil op die Sondagoggend ’n South African Airways-vlug haal. Verwys na die volgende uittreksel met vlugte en noem die vertrektyd en aankomstyd.

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 10:00 | → | 15:00 | South African 184 | S | M | D | W | D | V | S | JNB-NBO |
| 12:10 | → | 17:10 | Kenya Airways 761 | S | M | D | W | D | V | S | JNB-NBO |
| 15:30 | → | 20:30 | South African 180 | S | - | D | - | D | - | S | JNB-NBO |
| 17:15 | → | 22:15 | Kenya Airways 763 | S | M | D | W | D | V | S | JNB-NBO |

(2)

2.2.10 Noem die verpligte vaksinering wat ’n Suid-Afrikaanse toeris moet kry voordat hy/sy na Kenia gaan. (1)

**(20)**

**OF**

2.3 **MALAWI**

2.3.1 Noem die gewildste nasionale park wat naby Malombemeer geleë is. (1)

2.3.2 Noem die nasionale park wat aan die Zambiese grens geleë is. (1)

2.3.3 Noem die grootste nasionale park in Malawi. (1)

2.3.4 Noem die dorp/stad aan die suidelike kant van die meer waarvandaan die Ilala-veerboot noordwaarts vertrek. (1)

2.3.5 Noem die dorp/stad waar die oudste Europese gebou in Malawi, die Mandala-huis, besigtig kan word. (1)

2.3.6 Watter dorp/stad staan ook as die Groen Stad bekend? (1)

2.3.7 Noem die dorp/stad wat ’n sentrum vir Arabiese slawehandel was en ’n nabygeleë natuurreservaat het. (1)

2.3.8 Noem die universiteitstad. (1)

2.3.9 Noem die rivier in suidelike Malawi wat in die Zambezirivier invloei. (1)

2.3.10 Noem die hoogste bergagtige gebied van Malawi, ook bekend as ’n massief. (1)

2.3.11 Dui AL jou antwoorde op VRAE 2.3.1–2.3.10 duidelik op die blanko kaart in BYLAE B (aangeheg) aan. Dui die gebied of plek op die kaart aan en skryf die ooreenstemmende vraagnommer en naam aan die regterkant van die kaart.

Skryf jou EKSAMENNOMMER op die BYLAE, maak dit los van die vraestel en lewer dit saam met jou ANTWOORDBOEK in. (10 × 1) (10)
**(20)**

**AFDELING OOR EILAND IN INDIESE OSEAAN**

Beantwoord die vrae in die AFDELING OOR 'N EILAND IN DIE INDIESE OSEAAN oor die voorbereiding vir 'n reis na EEN van die volgende lande: Mauritius OF Seychelle.

2.4 **MAURITIUS**

2.4.1 Noem Mauritius se nasionale lugdiens. Verstrek ook sy tweeletter-ILVV-kode. (2)

2.4.2 Op watter dag/dae van die week (skryf die woord(e) uit) bied die nasionale lugdiens wat jy in VRAAG 2.4.1 genoem het direkte vlugte van Suid-Afrika na die hoofstad van Mauritius aan? Verwys na jou GSA. (2)

2.4.3 Op watter dag/dae van die week (skryf die woord(e) uit) bied die bogenoemde nasionale lugdiens direkte vlugte van die hoofstad na Suid-Afrika aan? Verwys na jou GSA. (2)

2.4.4 Wat is die gemiddelde vliegtyd tussen Suid-Afrika en Mauritius? Verwys na jou GSA. (2)

2.4.5 Wat is die volle naam van die vertreklughawe in Suid-Afrika: JNB? (1)

2.4.6 Benodig Suid-Afrikaanse paspoorthouers visas vir 'n kort vakansie in Mauritius? Verwys na jou GSA en antwoord slegs JA of NEE. (1)

2.4.7 Beveel DRIE gesondheidsvoorsorgmaatreëls of inentings aan wat 'n toeris vir 'n besoek aan Mauritius behoort te kry. Verwys na jou GSA. (3)

2.4.8 Beveel TWEE hotelle in die hoofstad van Mauritius aan. Verwys na jou GSA. (2)

2.4.9 Noem TWEE tale wat in Mauritius gepraat word. (2)

2.4.10 Noem DRIE inkopie-items wat in Mauritius gekoop kan word. (3)
**(20)**

**OF**

## 2.5 SEYCHELLE

2.5.1 Noem die nasionale lugdiens van die Seychelle. Verstrek ook sy tweeletter- ILVV-kode. (2)

2.5.2 Op watter dag/dae van die week (skryf die woord(e) uit) bied die nasionale lugdiens wat jy in VRAAG 2.5.1 genoem het direkte vlugte van Suid-Afrika na die hoofstad van die Seychelle aan? Verwys na jou GSA. (2)

2.5.3 Op watter dag/dae van die week (skryf die woord(e) uit) bied die bogenoemde nasionale lugdiens direkte vlugte van die hoofstad na Suid-Afrika aan? Verwys na jou GSA. (2)

2.5.4 Wat is die gemiddelde vliegtyd tussen Suid-Afrika en die Seychelle? Verwys na jou GSA. (2)

2.5.5 Wat is die volle naam van die vertreklughawe in Suid-Afrika? JNB (1)

2.5.6 Benodig Suid-Afrikaanse paspoorthouers visas vir ’n kort vakansie in die Seychelle? Verwys na jou GSA en antwoord slegs JA of NEE. (1)

2.5.7 Beveel DRIE gesondheidsvoorsorgmaatreëls of inentings aan wat ’n toeris vir ’n besoek aan die Seychelle behoort te kry. Verwys na jou GSA. (3)

2.5.8 Beveel TWEE hotelle in die hoofstad van die Seychelle aan. Verwys na jou GSA. (2)

2.5.9 Noem TWEE tale wat in die Seychelle gepraat word. (2)

2.5.10 Noem DRIE inkopie-items wat in die Seychelle gekoop kan word. (3)

**(20)**

**[40]**

## VRAAG 3

## AFRIKA-AFDELING

3.1 Beantwoord die volgende vrae oor die fisiese geografiese kenmerke van die lande wat in die onderstaande lys genoem word. Jou eie kaart en voorgeskrewe hulpbronne kan nuttig te pas kom.

| |
|---|
| Namibië; Botswana; Zimbabwe; Mosambiek; Malawi; Zambië; Uganda; Tanzanië; Marokko |

3.1.1 Noem TWEE lande wat aan die Tanganjikameer grens. (2)

3.1.2 Noem TWEE lande wat aan die Malawimeer grens. (2)

3.1.3 Noem DRIE lande (Suid-Afrika uitgesluit) waardeur die Limpoporivier vloei. (3)

3.1.4 In watter TWEE lande tref jy die Kalahariwoestyn aan (Suid-Afrika uitgesluit)? (2)

3.1.5 Noem TWEE lande waarin die Nyika-plato voorkom. (2)

3.1.6 Noem VYF lande waarin die Zambezirivier aangetref word. (5)

3.1.7 Noem EEN land wat ’n see asook ’n oseaan as ’n grens het. (1)

3.1.8 Die Groot Limpopo-oorgrenspark grens aan Suid-Afrika en watter TWEE ander lande? (2)

3.1.9 Noem EEN land wat deur die ewenaar in die helfte verdeel word. (1)

**(20)**

**AFDELING OOR EILANDE IN INDIESE OSEAAN**

Beantwoord die vrae oor TWEE van die volgende lande: Madagaskar, Réunion, Maledive.

3.2 **MADAGASKAR**

3.2.1 Watter dier is endemies/inheems aan Madagaskar? (1)

3.2.2 Wat is die land se belangrikste landbouproduk? (1)

3.2.3 Verduidelik wat tydens 'Famadihana' gebeur. (2)

3.2.4 Gee 'n ander naam vir 'n 'Nosy/Nosé/Nossi'. (1)

3.2.5 Gee die Malgassiese naam vir Diego Suarez. (1)

3.2.6 Beskryf kortliks die aantrekkingskrag van die Isalo Nasionale Park, en verwys na sy geologiese kenmerk(e), aktiwiteite en fauna en flora. (4)
**(10)**

**EN/OF**

3.3 **RÉUNION**

3.3.1 Wanneer is dit winter in Réunion en hoe is die weer dan? (2)

3.3.2 Wat is 'gîtes'? (1)

3.3.3 Verduidelik wat 'Le Barachois' in St Denis is en noem die aktiwiteite wat daar beoefen kan word. (3)

3.3.4 Noem die keteldal waar ontsnapte slawe hulle in die 19de eeu gevestig het. (1)

3.3.5 Noem DRIE maniere waarop 'n mens toegang kan verkry tot die keteldal wat in VRAAG 3.3.4 genoem word. (3)
**(10)**

**EN/OF**

3.4 **MALEDIVE**

3.4.1 Beskryf die unieke geografie van die Maledive. (3)

3.4.2 Beskryf hulle staatsvorm. (3)

3.4.3 Wat is die Maledive se tydsone? (1)

3.4.4 Gee die volle naam en kode van hul geldeenheid. (2)

3.4.5 Noem EEN hotel op die Suid-Ari-atol. Verwys na jou GSA. (1)
**(10)**
**[40]**

**VRAAG 4**

**AFRIKA-AFDELING**

Beantwoord die vrae oor TWEE van die volgende lande: Botswana, Zimbabwe, Zambië, Uganda

4.1 **BOTSWANA**

4.1.1 Wat is die beste tyd om Botswana te besoek? (1)

4.1.2 Noem die grenspos waar reisigers Botswana uit Suid-Afrika binnekom. (1)

4.1.3 Noem die 'hoofstad van die Kalahari' waar 'n toeris San-handwerk kan koop. (1)

4.1.4 Noem die dorp wat die geboorteplek van Botswana se eerste president is. (1)

4.1.5 Beskryf die aantrekkingskrag van die Makgadikgadi en Nxai Pan Nasionale Park. (4)

4.1.6 Watter dorp is die belangrikste plek van waar mense die Chobe Nasionale Park binnegaan? (2)
**(10)**

**EN/OF**

4.2 **ZIMBABWE**

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.2.1 | Berg Nyangani | A | Heldeakker |
| 4.2.2 | Mutare | B | huisbootvaart |
| 4.2.3 | Torwa-dinastie | C | die mees afgeleë en moeilik om te bereik |
| 4.2.4 | Bulawayo | D | die hoogste punt |
| 4.2.5 | Harare | E | Elephant Hills Resort Hotel |
| 4.2.6 | Matobo Nasionale Park | F | Khami-ruïnes |
| 4.2.7 | Masvingo | G | Groot-Zimbabwe Nasionale Monument |
| 4.2.8 | Karibameer | H | Oostelike Hooglande |
| 4.2.9 | Chizarira Nasionale Park | I | tweede grootste stad |
| 4.2.10 | Victoriawaterval | J | Cecil John Rhodes se graf |
| | | K | derde grootste stad |

(10 × 1) (10)

**EN/OF**

4.3 **ZAMBIË**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die antwoord indien dit ONWAAR is.

4.3.1 Die reistyd per spoor van Lusaka na Ndola is 7 uur.

4.3.2 Die grootste hawe in Zambië is Mpulungu.

4.3.3 Die Spoorwegmuseum is in Lusaka.

4.3.4 Die swart basterwaterbok is inheems aan die Bangweulu-vleilandgebied.

4.3.5 Een van die groot kultuurfeeste, die beweging van die Litunga, Kuomboka, vind naby Lusaka plaas.

4.3.6 Puku is ’n dorp langs die Kasankarivier.

4.3.7 Die e-posadres van die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger is info@zambiapreotira.net.

4.3.8 Direkte vlugte van Suid-Afrika na Ndola vertrek van Kaapstad en Johannesburg.

4.3.9 Verkeer ry aan die linkerkant van die pad.

4.3.10 Kapenta is ’n vervoermodus.

(10 × 1) (10)

**EN/OF**

4.4 **UGANDA**

4.4.1 Beskryf wat ’n besoek aan die Kabaka-grafte behels. (4)

4.4.2 Watter soort dier kan in die Bwindi Impenetrable Nasionale Park besigtig word? (1)

4.4.3 Beskryf breedvoerig die ligging van die Ssese-eilande. (3)

4.4.4 Noem TWEE van die kratermere naby Fort Portal. (2)

**(10)**

**AFDELING OOR EILANDE IN INDIESE OSEAAN**

Beantwoord die vrae oor EEN van die volgende lande: Mauritius OF Comore

4.5 **MAURITIUS**

4.5.1 Verduidelik die ligging van Rodrigues met betrekking tot Mauritius. (2)

4.5.2 Noem die gemiddelde lengte en breedte van die eiland. (1)

4.5.3 Benodig ’n Suid-Afrikaanse toeris ’n visum om Rodrigues te besoek? Antwoord JA of NEE. (1)

4.5.4 Wat is die belangrikste dorp op die eiland? (1)

4.5.5 Beskryf wat ‘Caverne Patate’ is. (2)

4.5.6 Noem die hoogste punt van Rodrigues en sy hoogte in meter. (2)

4.5.7 Die Pamplemousse-tuin is een van die beroemdste aantreklikhede in Mauritius.

Wat is die naam van die reusewaterlelies waarvoor die tuin onder meer beroemd is? (1)

Copyright reserved 

4.5.8 Sega-uitvoerings is gewild onder toeriste.

Verduidelik wat hierdie uitvoerings gewoonlik behels. (2)

4.5.9 Beskryf die aantrekkingskrag en skoonheid van die Jummah-moskee. (2)

4.5.10 Noem die TWEE belangrikste gelowe. (2)

4.5.11 Noem die uitgewerkte vulkaniese krater naby Curepipe. (1)

4.5.12 Beskryf die natuurskoon van die suidkus tussen Mahébourg en Baie du Cap. (3)

**(20)**

**OF**

4.6 **COMORE**

4.6.1 Gee die toeriste- en Comoraanse name van die VIER belangrikste eilande. (8)

4.6.2 Noem die eiland wat deur Frankryk geadministreer word. (1)

4.6.3 Noem die belangrikste dorp van die eiland wat in VRAAG 4.6.2 genoem word. (1)

4.6.4 Noem EEN toeristeaantreklikheid in die dorp wat in VRAAG 4.6.3 genoem word. (1)

4.6.5 Noem die lughawe op die eiland wat in VRAAG 4.6.2 genoem word. (1)

4.6.6 Wat is die hoogste punt op hierdie eiland? (1)

4.6.7 Op watter eiland is Domoni? (1)

4.6.8 Noem TWEE artikels wat in Domoni vervaardig word wat toeriste graag as aandenkings koop. (2)

4.6.9 Beskryf waarom Mutsamudu as een van die Comore se skilderagtigste bestemmings beskou word, deur na die sitadel te verwys. (2)

4.6.10 Beskryf waarom 'n toeris daarvan sal hou om teen Kathalaberg uit te stap. (2)

**(20)**
**[40]**

**VRAAG 5**

**AFRIKA-AFDELING**

Beantwoord die vrae oor TWEE van die volgende lande: Namibië, Tanzanië, Marokko. Gee slegs EEN opsie vir elke vraag.

5.1 **NAMIBIË**

5.1.1 Een tipe vervoer in die land staan bekend as ’n dalla-dallas/matatu/die Woestynsneltrein/klein taxi.

5.1.2 Een van die kusdorpe in die land is Malinda/Tanga/Tangier/Walvisbaai.

5.1.3 Inkopie-items van die land is Berber-matte/Hereropoppe/Tinga-tinga-skilderye/Makonde-houtsneewerk.

5.1.4 Die land se geldeenheidkode is NAD/MAD/KES/TZS.

5.1.5 Is daar ’n direkte vlug van Suid-Afrika na die land van jou keuse? Ja/Nee

5.1.6 Die internasionale lughawe se kode is CMN/WDH/MBA/LUN/DAR/RBA.

5.1.7 Die belangrike breedtelyn wat deur die land loop, is die ewenaar/Kreefskeerkring/Steenbokskeerkring/nie een nie.

5.1.8 Een gewilde toeristebestemming van die land is: Volubilis/Swakopmund/Lochinvar Nasionale Park/Manyarameer Nasionale Park/Xai-Xai.

5.1.9 Een UNESCO-wêrelderfenisterrein in die land is Ben Youssef Medersa/Ngorongoro-bewaringsgebied/Twyfelfontein/Mana Pools Nasionale Park/Wasini-eiland.

5.1.10 Een van die openbare vakansiedae van die land is Kenyatta-dag/Cassinga-dag/Troonfees/Zanzibar-revolusiedag.

(10 × 1) (10)

**EN/OF**

5.2 **TANZANIË**

5.2.1 Een tipe vervoer in die land staan bekend as ’n dalla-dallas/matatu/die Woestynsneltrein/klein taxi.

5.2.2 Een van die kusdorpe in die land is Malinda/Tanga/Tangier/Walvisbaai.

5.2.3 Inkopie-items van die land is Berber-matte/Hereropoppe/Tinga-tinga-skilderye/Makonde-houtsneewerk.

5.2.4 Die geldeenheidkode van die land is NAD/MAD/KES/TZS.

5.2.5 Is daar ’n direkte vlug van Suid-Afrika na die land van jou keuse? Ja/Nee

5.2.6 Die internasionale lughawe se kode is CMN/WDH/MBA/LUN/DAR/RBA.

5.2.7 Die belangrike breedtelyn wat deur die land loop, is die ewenaar/Kreefskeerkring/Steenbokskeerkring/nie een nie.

5.2.8 Een gewilde toeristebestemming van die land is: Volubilis/Swakopmund/Lochinvar Nasionale Park/Manyarameer Nasionale Park/Xai-Xai.

5.2.9 Een UNESCO-wêrelderfenisterrein in die land is Ben Youssef Medersa/Ngorongoro-bewaringsgebied/Twyfelfontein/Mana Pools Nasionale Park/Wasini-eiland.

5.2.10 Een van die openbare vakansiedae van die land is Kenyatta-dag/Cassinga-dag/Troonfees/Zanzibar-revolusiedag.

(10 × 1) (10)

**EN/OF**

5.3 **MAROKKO**

5.3.1 Een tipe vervoer in die land staan bekend as ’n dalla-dallas/matatu/die Woestynsneltrein/klein (petit) taxi.

5.3.2 Een van die kusdorpe in die land is Malinda/Tanga/Tangier/Walvisbaai.

5.3.3 Inkopie-items van die land is Berber-matte/Hereropoppe/Tinga-tinga-skilderye/Makonde-houtsneewerk.

5.3.4 Die geldeenheidkode van die land is NAD/MAD/KES/TZS.

5.3.5 Is daar ’n direkte vlug van Suid-Afrika na die land van jou keuse? Ja/Nee

5.3.6 Die internasionale lughawe se kode is CMN/WDH/MBA/LUN/DAR/RBA.

5.3.7 Die belangrike breedtelyn wat deur die land loop, is die ewenaar/Kreefskeerkring/Steenbokskeerkring/nie een nie.

5.3.8 Een gewilde toeristebestemming van die land is: Volubilis/Swakopmund/Lochinvar Nasionale Park/Manyarameer Nasionale Park/Xai-Xai.

Copyright reserved 

5.3.9 Een UNESCO-wêrelderfenisterrein in die land is Ben Youssef Medersa/Ngorongoro-bewaringsgebied/Twyfelfontein/Mana Pools Nasionale Park/Wasini-eiland.

5.3.10 Een van die openbare vakansiedae van die land is Kenyatta-dag/Cassinga-dag/Troonfees/Zanzibar-revolusiedag.
(10 × 1) (10)

**AFDELING OOR EILAND IN INDIESE OSEAAN**

Beantwoord die volgende vrae oor die Maledive:

5.4 **MALEDIVE**

5.4.1 Die tydsverskil tussen Suid-Afrika en die Maledive is ... uur. (2)

5.4.2 Verduidelik wat ŉ *atol/ringeiland* is. (2)

5.4.3 Noem EEN toeroperateur wat in aansporingstoere spesialiseer. Verwys na jou GSA. (1)

5.4.4 Noem TWEE aanbevole inentings. (2)

5.4.5 In watter maand van die jaar vind die Nasionale Dag-viering plaas en wat word herdenk? Wat kan toeriste verwag om te sien?
(2)

5.4.6 Wat is 'Die Maledive-dame' wat ŉ toeris dalk sal wil bestel? (1)

5.4.7 Noem en beskryf die belangrike baken wat die Malé-horison met ŉ glinsterende goue koepel oorheers. (1 + 3) (4)

5.4.8 Noem TWEE voëlspesies wat in die Maledive aangetref word. (2)

5.4.9 Noem TWEE visspesies wat in die Maledive aangetref word. (2)

5.4.10 Noem die bestemming wat aan die westelike kant van Kaafu (noordelike Malé-atol) geleë is en met die land se grootste strandmeer spog. (1)

5.4.11 Waar is die Banana Reef geleë? (1)
**(20)**
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 6**

**AFRIKA-AFDELING**

Beantwoord die vrae oor EEN van die volgende lande: Mosambiek OF Tanzanië

6.1 **MOSAMBIEK**

Voltooi die volgende reisplan van 'n 10-dag- vlieg-en-ry-vakansiepakket vir 'n wittebroodpaartjie.

6.1.1 DAG 1: Jou kliënte, mnr en mev Modise, vlieg van Durban na Maputo. Vertrektyd: 10:10; Aankomstyd: 11:25. Lig jou kliënte in oor die duur van die vlug in ure en minute. (2)

6.1.2 Noem EEN toeroperateur wat kan help om 'n toerpakket vir wittebroodspaartjies saam te stel. Verwys na jou GSA. (1)

6.1.3 Op watter datum word Onafhanklikheidsdag in Mosambiek gevier? (1)

6.1.4 Mnr Modise moet 'n huurvoertuig in Maputo afhaal. Watter raad kan jy hom gee oor die padtoestande en -gevare van Mosambiek? (3)

6.1.5 DAG 2 in Maputo: Mnr en mev Modise wil 'n paar kulturele besienswaardighede besoek. Noem EEN museum wat hulle kan besoek en beskryf kortliks wat dit behels. (1 + 2) (3)

6.1.6 Noem en beskryf EEN ander interessante gebou in Maputo. (1 + 2) (3)

6.1.7 DAG 3: Jou kliënte wil graag Inhaca-eiland besoek. Lig hulle in waar dit geleë is en noem EEN besienswaardigheid wat hulle kan besoek. (1 + 1) (2)

6.1.8 DAG 4 en 5: Die Modise-egpaar ry na Inhambane en Praia do Tofo. Noem EEN kulturele besienswaardigheid wat hulle in Inhambane kan besoek. (1)

6.1.9 Noem EEN aktiwiteit waaraan hulle by Praia do Tofo kan deelneem. (1)

6.1.10 DAG 6–9: Ry na Vilankulo. Verwys na jou GSA en noem EEN akkommodasie-onderneming. (1)

6.1.11 Noem enige EEN van die eilande wat die Bazaruto-argipel uitmaak. (1)

6.1.12 Is dit moontlik dat hulle met 'n direkte vlug van Vilankulo na Durban kan terugvlieg? Antwoord slegs JA of NEE. Verwys na jou GSA. (1)

**(20)**

**OF**

6.2 **TANZANIË**

Voltooi die volgende reisplan:

6.2.1 DAG 1: Jou kliënte, mnr en mev Mokaleng, vlieg van Johannesburg na Dar es Salaam. Vertrektyd: 10:30; Aankomstyd: 14:50. Lig jou kliënte in oor die duur van die vlug in ure en minute. (2)

6.2.2 Noem EEN toeroperateur wat in Suid-Afrika gesetel is wat kan help om 'n toerpakket vir jou kliënte saam te stel. Verwys na jou GSA. (1)

6.2.3 Beveel EEN hotel in Dar es Salaam aan, wat 'n oord asook 'n konferensiesentrum is. Verwys na jou GSA. (1)

6.2.4 Verwys na BYLAE C (aangeheg) en lig jou kliënte in oor die klimaatstoestande in Dar es Salaam in Augustus (gemiddelde temperatuur in $^{o}C$, reënval in millimeter, ure sonlig en persentasie humiditeit). (4)

6.2.5 DAG 2 in Dar es Salaam: Hulle wil 'n paar kulturele besienswaardighede besoek.

Noem EEN museum wat hulle kan besoek en beskryf kortliks wat dit behels. (1 + 2) (3)

6.2.6 Noem en beskryf EEN ander interessante godsdienstige gebou in Dar es Salaam. (1 + 2) (3)

6.2.7 DAG 3: Jou kliënte wil graag Zanzibar-eiland besoek. Lig hulle in waar dit geleë is. (1)

6.2.8 Wat is die reistyd per snelbootdiens tussen Dar es Salaam en Zanzibar? (1)

6.2.9 Beveel EEN hotel in Zanzibar aan. Verwys na jou GSA. (1)

6.2.10 DAG 4–7: Jou kliënte wil graag Arusha Nasionale Park besoek. Beskryf die aantrekkingskrag van die park en verwys ook na die belangrikste kenmerke. (3)

**(20)**

**AFDELING OOR EILANDE IN INDIESE OSEAAN**

Beantwoord die vrae oor TWEE van die volgende lande: Réunion, Comore, Seychelle.

6.3 **RÉUNION**

6.3.1 Noem EEN natuurlike verskynsel waarvoor die eiland beroemd is.

Opsies: Lac Sale, Seenu-atol, lemurs/bosape, Piton de la Fournaise, swart papegaai (1)

6.3.2 Noem die internasionale lughawe op die eiland.

Opsies: Pointe Larue Internasionaal, Roland Garros, Sir Seewoosagur Ramgoolam, Antananarivo Internasionaal, Moroni Internasionaal, Prince Said Ibrahim (1)

6.3.3 Noem EEN eiland ('n koraalrif in die geval van Réunion) wat naby die hoofeiland geleë is.

Opsies: Silhouette, Gunner's Quoin, Nosy Bé, L'Étang-Salé les Bains, Kuramathi, Mwali (1)

6.3.4 Noem EEN dorp of nedersetting wat op die eiland aangetref word.

Opsies: Curepipe, Gan, Antsirabe, Itsandra, Beau Vallon, St Paul (1)

6.3.5 Noem EEN landbou- of marieneproduk waarvoor die eiland bekend is.

Opsies: Suikerriet, koffie, tee, ilang-ilang, kopra, arekaneut, garnale (1)

6.3.6 Vlugte van Johannesburg na die eiland kruis die volgende breedtegraad:

Opsies: Ewenaar, Kreefskeerkring, Steenbokskeerkring, Internasionale Datumlyn (1)

6.3.7 Noem EEN fees/jaarlikse gebeurtenis op die eiland.

Eid-al-Fitr, Cavadee, Kreoolse Fees, Vissersdag, Safiko-musiekfees (1)

6.3.8 Noem DRIE toerisme-ikons wat op die eiland aangetref word.

Opsies: St Anne Mariene Nasionale Park, Aldabra-atol, Cilaos, Baros-eiland, Perinet-reservaat, Galawastrand, Vallee de Mai, Lac Dziani Boundouni, Isalo Nasionale Park, Grand Baia, Salazie-keteldal, Ari-atol, Karthalaberg, Pamplemousse-tuin, Roche-Ecrite
(3 × 1) (3)
**(10)**

**EN/OF**

**6.4 COMORE/COMORE-EILANDE**

6.4.1 Noem EEN natuurlike verskynsel waarvoor die eiland beroemd is.

Opsies: Lac Sale, Seenu-atol, lemurs/bosape, Piton de la Fournaise, swart papegaai (1)

6.4.2 Noem die internasionale lughawe op die eiland.

Opsies: Pointe Larue Internasionaal, Roland Garros, Sir Seewoosagur Ramgoolam, Antananarivo Internasionaal, Moroni Internasionaal, Prince Said Ibrahim (1)

6.4.3 Noem EEN eiland ('n koraalrif in die geval van Réunion) wat naby die hoofeiland geleë is.

Opsies: Silhouette, Gunner's Quoin, Nosy Bé, L'Étang-Salé les Bains, Kuramathi, Mwali (1)

6.4.4 Noem EEN dorp of gehuggie/nedersetting wat op die eiland aangetref word.

Opsies: Curepipe, Gan, Antsirabe, Itsandra, Beau Vallon, St Paul (1)

6.4.5 Noem EEN landbou- of marieneproduk waarvoor die eiland bekend is.

Opsies: Suikerriet, koffie, tee, ilang-ilang, kopra, arekaneut, garnale (1)

6.4.6 Vlugte van Johannesburg na die eiland kruis die volgende breedtegraad:

Opsies: Ewenaar, Kreefskeerkring,Steenbokskeerkring, Internasionale Datumlyn (1)

6.4.7 Noem EEN fees/jaarlikse gebeurtenis op die eiland.

Eid-al-Fitr, Cavadee, Kreoolse Fees, Vissersdag, Safiko-musiekfees (1)

6.4.8 Noem DRIE toerisme-ikons wat op die eiland aangetref word.

Opsies: St Anne Mariene Nasionale Park, Aldabra-atol, Cilaos, Baros-eiland, Perinet-reservaat, Galawastrand, Vallee de Mai, Lac Dziani Boundouni, Isalo Nasionale Park, Grand Baia, Salazie-keteldal, Ari-atol, Karthalaberg, Pamplemousse-tuin, Roche-Ecrite
(3 × 1) (3)
**(10)**

**EN/OF**

6.5 **SEYCHELLE**

6.5.1 Noem EEN natuurlike verskynsel waarvoor die eiland beroemd is.

Opsies: Lac Sale, Seenu-atol, lemurs/bosape, Piton de la Fournaise, swart papegaai (1)

6.5.2 Noem die internasionale lughawe op die eiland.

Opsies: Pointe Larue Internasionaal, Roland Garros, Sir Seewoosagur Ramgoolam, Antananarivo Internasionaal, Moroni Internasionaal, Prince Said Ibrahim (1)

6.5.3 Noem EEN eiland ('n koraalrif in die geval van Réunion) wat naby die hoofeiland geleë is.

Opsies: Silhoeët, Gunner's Quoin, Nosy Bé, L'Étang-Salé les Bains, Kuramathi, Mwali (1)

6.5.4 Noem EEN dorp of gehuggie/nedersetting wat op die eiland aangetref word.

Opsies: Curepipe, Gan, Antsirabe, Itsandra, Beau Vallon, St Paul (1)

6.5.5 Noem EEN landbou- of marieneproduk waarvoor die eiland bekend is.

Opsies: Suikerriet, koffie, tee, ilang-ilang, kopra, arekaneut, garnale (1)

6.5.6 Vlugte van Johannesburg na die eiland kruis die volgende breedtegraad:

Opsies: Ewenaar, Kreefskeerkring,Steenbokskeerkring, Internasionale Datumlyn (1)

6.5.7 Noem EEN fees/jaarlikse gebeurtenis op die eiland.

Eid-al-Fitr, Cavadee, Kreoolse Fees, Vissersdag, Safiko-musiekfees (1)

6.5.8 Noem DRIE toerisme-ikons wat op die eiland aangetref word.

Opsies: St Anne Mariene Nasionale Park, Aldabra-atol, Cilaos, Baros-eiland, Perinet-reservaat, Galawastrand, Vallee de Mai, Lac Dziani Boundouni, Isalo Nasionale Park, Grand Baia, Salazie-keteldal, Ari-atol, Karthalaberg, Pamplemousse-tuin, Roche-Ecrite (3 × 1) (3)

**(10)**

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**

**GROOTTOTAAL: 200**

Copyright reserved

## BYLAE A

### TOER-OORSIG

**Datums:** Doelgemaak

**Tydsduur:** 7 dae

**Groepgrootte:** Buigsaam – Jy kan ons inlig oor hoe groot die groep is

**7-Dae- Maasai Mara Safari**

**Hierdie sewedae-/sesnagte-safari bied 'n bekostigbare verkenning van die Maasai Mara-Serengeti-ekosisteem.**

INLEIDING

**Sluit aan by Africa Geographic Travel wanneer ons die noordelikste grense van die Maasai Mara-Serengeti-ekosisteem verken op soek na die beroemde troppe leeus, wild, voëls, antieke akasias en asemrowende sonsondergange – almal noodsaaklike bestanddele van die volledige Mara-ervaring.**

GEDETAILLEERDE REISPLAN

**Dag 1:** Aankoms in Nairobi

By jou aankoms by Jomo Kenyatta Internasionale Lughawe sal 'n Africa Geographic-verteenwoordiger jou ontmoet en na die Town Lodge Hotel in Nairobi neem. Indien jy enige van Nairobi se gewilde besienswaardighede of eetplekke wil verken, kan jy ons kontak. Ons sal graag 'n program reël wat by jou behoeftes pas.

***Oornag in Town Lodge Hotel***

**Dag 2:** Vlieg na die Maasai Mara

Kort ná ontbyt word jy vervoer na die Wilson plaaslike lughawe vir jou vlug na die Maasai Mara Musiara-landingstrook, wat in die wildreservaat en net 'n klipgooi van die Sentinel Mara-kamp is.

Die opwinding om jou eerste wildebees, sebra of gasel te sien wanneer die vliegtuig daal is 'n gepaste voorgereg vir dit wat jy in die Mara gaan sien en ervaar.

Geniet 'n ligte middagete by Sentinel voordat julle na die Maasai Mara-vlaktes vertrek vir die eerste wildrit op soek na die troppe, troppe moerasleeus, plaaslike jagluiperds en ontwykende luiperds wat oor hierdie streek heers. 'n Oorvloed ikoniese wild soos olifant, seekoei, kameelperd, Grant- en Thompson-gasel, vlaktesebra, topi, vlakvark en buffel is ook algemene eerste waarnemings.

Die bestuurder, 'n Maasai-silwermedaljegids, sal voortdurend die spore vertolk, terwyl die gids sy kennis van en passie vir die Mara met julle sal deel.

***Oornag by Sentinel Mara Camp met volle losies***

**Dae 3–6:** Sentinel Mara-kamp, Maasai Mara

Ná 'n stomende beker vars Keniaanse koffie vertrek julle na die vlaktes van die Mara op soek na spesies wat terugkeer ná hul nagtelike strooptogte, of word rustig wakker en maak gereed vir die dag.

Ontbyt word gewoonlik in 'n mandjie gepak en tydens jul oggendwildbesigtiging-safari bedien.

Gedurende die hoogtepunt van die wildebeesmigrasie (einde van Julie tot Oktober) is jou dag gevul met groot troppe olifante, verstommende getalle sebra en gestreepte wildebees en die epiese drama wat in die omgewing van die Mara-takriviere afspeel. Soos jy verskeie van die belangrikste Mara-migrasiepunte nader, sal die skouspel van troppe wildebees jou asem wegslaan. Die riviere hou 'n groot struikelblok vir hulle in, en die momentum van die troppe dryf die vertoning wat volg. Jy sal spoedig uitvind waarom die migrasie as 'die grootste vertoning op aarde' bekend staan.

Tyd is goud in die Mara, geduld is die sleutel en rivieroorgange gebeur nie elke dag nie. Nogtans bestaan verveling nie in die Mara nie, en elke dag wat jy hier deurbring, word behoorlik beloon.

Copyright reserved 

**BYLAE A (vervolg)**


***Oornag by Sentinel Mara Camp met volle losies***
**Dag 7:** Sentinel Mara-kamp na Nairobi
Ná ’n laat ontbyt word jy van die kamp na die Musiara-landingstrook geneem vir jou vlug terug na Nairobi. By aankoms by Wilson-lughawe sal ’n Africa Geographic-verteenwoordiger jou na JKIA-lughawe neem waar jy vir jou vlug huis toe aanmeld.
*AKKOMMODASIE*
Genestel op die oewers van die Mararivier is die elegante en gerieflike Sentinel Mara-kamp in die Maasai Mara-reservaat geleë. Hierdie niepermanente ekokamp se ligging is afgeslote en idillies, en ’n oorvloed natuurlewe besoek die kamp.
Sentinel Mara-kamp bestaan uit sewe groot tente langs die Mararivier. Elke tent is gemeubileer met enkel- of tussengroot beddens, skryftafel en stoel, bedkassies, seilklerekas, wasgoedmandjie, bagasierak, groot houtlaaikas, seilstoele en dienwaentjies op die tentverandas. Daar is en suite-geriewe met warm storte en porseleinspoeltoilette, asook sonverligting in alle tente. Selfone en kameras kan in die sitkamertent en voertuie herlaai word.
PRYS
**Groen seisoen:** *16 Januarie – 31 Maart; 15–30 Junie; 1–15 Desember*
Per persoon wat deel VSA$ 3,485
**Hoogseisoen:** *15 Desember – 15 Januarie; 1 Julie – 31 Oktober*
Per persoon wat deel VSA$ 3,485
BYKOMENDE INLIGTING
**Wanneer om te gaan:** Desember tot middel-April is ’n wonderlike paar maande om die Maasai Mara te besoek, omdat dit dan welig is en baie kalwers gebore word. Wildbesigtigingsgeleenthede is skouspelagtig in hierdie periode, selfs al ontwrig ’n donderstorm hier en daar jou middae kortstondig. Die drama van ’n storm wat oor die Mara broei, hou ’n kragtige aantrekkingskrag vir fotograwe in. Sekere datums in Desember en Januarie kan oorvol wees, omdat hulle met die vakansietydperk saamval, maar laagseisoentariewe is vanaf vroeg in Januarie van toepassing namate die toeriste die park begin verlaat.
Vanaf die middel van April tot einde van Mei kan die reën onophoudelik val. Wanneer dit nie reën nie, is dit dikwels bewolk. Gedurende hierdie tydperk is die kamp gesluit.
Junie tot Oktober word as die beste tyd in die Maasai Mara beskou om die natuurlewe te geniet, omdat dit die droë seisoen is en sigbaarheid beter is. Die wildebeesmigrasie bereik die Maasai Mara teen ongeveer die einde van Julie en duur tot Oktober, wanneer hulle na die Serengeti in Tanzanië terugkeer.
**Moeilikheidsgraad:** Hierdie safari word met voertuie gedoen, en behels baie min stappery of inspannende aktiwiteit.
**Prys sluit in:** Ontmoet en groet by Jomo Kenyatta Internasionale Lughawe, vervoer na Town Lodge Hotel en Wilson-lughawe die volgende dag. Huurvlug na die Maasai Mara, asook vervoer na en van die landingstrook, en ’n laaste rit terug na Jomo Kenyatta van Wilson-lughawe.
Akkommodasie by Sentinel Mara-kamp sluit volle losies in. By die Town Lodge Hotel bestaan die akkommodasie uit bed en ontbyt. Dit sluit alle drank in, behalwe Franse sjampanje en premiewyn by die Sentinel Mara-kamp, alle toegangs- en bewaringsgeld, wassery, alle vervoer in die reservaat, ’n bestuurder en die dienste van kamppersoneel, plaaslike spoorsnyers en professionele wildbesigtigingsgids, 24/7-kantoorsteun.
**Prys sluit uit:** Internasionale vlugte, visums, lughawevertrekbelasting, persoonlike items, telefoonoproepe, begeleide staptoere, reis- en mediese versekering, heffings op oorgewigbagasie, enige aktiwiteite wat nie in die reisplan gespesifiseer word nie.
**Ballonsafari’s:** Indien jy hierdie opwindende ervaring wil meemaak, sal ons dit met plesier vir jou reël teen ’n bykomende uitgawe van ongeveer 500 VSA$ per persoon.
**Vlugbesonderhede:** Alle safari’s begin en eindig by Jomo Kenyatta Internasionale Lughawe. Jy moet jou eie internasionale besprekings doen om met die begin en einde van hierdie toer saam te val.

[Aangepas uit: *www.africageographic.com*]

Copyright reserved 

**BYLAE B** **EKSAMENNOMMER**


| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |




[Bron: *www.enchantedlearning.com*]

**BYLAE C** **EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |




[Aangepas uit: *World Travel Guide*, Columbus)

Copyright reserved